2. Nog iemand vir pynappel op pizza? - Elmarie Botes

Woordeskat:

Afrikaans	**Engels**
bekommerde	Worried
Gesprek	Conversation
Vreemd	Weird
kronkel (ww.)	winds (v.)
verstand	mind
Bekend	familiar
deurmekaar	messy, untidy [in this context]
Natuurwetenskap	Physical Science
in die hoogste versnelling [fig.]	at a high speed
opgewonde	Excited
knoppies van die CD-speler	press buttons of the CD player
vasgehaak	became stuck
sit kruisbeen	sit cross-legged
aflosspan	relay team
met moeite	with an effort
sporttoekenning	sports award
Versigtig	Careful
Voorgee	Pretend
wegsteek	Hide
onwerklik	Unreal
Afsteek	compare unfavourably with
spiere	muscles
beduie	gesture
behendig	Skilfully
val in die rede	Interrupt
Neurie	Hum
stuurstang	Handlebar

Opsomming:

- **Tiaan** en sy ma het ‘n meningsverskil. Hy wil nie by die nuwe skool wees waar hy weer van vooraf moet aanpas nie. Hy is nog net vier dae by die skool, maar volgens hom is die kinders “weird”. Hy storm by die huis uit.
- Hy gaan na Suzanne se huis om ‘n natuurwetenskapboek te leen. Sy het vroeër die dag vir hom ‘n kaart geteken hoe om by haar huis te kom.
- **By die skool het Suzanne** ligte vlegsels en ‘n bril, is netjies, presies en vrek slim. Die meisie voor hom lyk nou heeltemal anders, **in kontras (teenstelling)** met haar voorkoms by die skool. Haar hare is lank, blond en los. Sy het groot blou oë en dra nie haar bril nie. Sy is kaalvoet en haar toonnaels is pienk geverf.
- Sy maak verskoning vir haar **deurmekaar kamer** en sê dat haar pa nuwe boekrakke insit. Volgens Tiaan is die kamer weke laas opgeruim.
- Hy sien die CD van Vivaldi se Four Seasons. Riani kom in en sy kan nie glo dat daar nog ‘n persoon is wat van **klassieke musiek hou** nie**.** Tiaan wil nie hê dat iemand moet weet dat hy viool speel nie.

- **Riani** se hare is kort en regop en het ‘n perserige kleur. Sy hou van **“rock ’n roll”-musiek, maar ook van brei.**
- Riani wil weet of Tiaan kan swem. Sy wil ‘n **aflosspan** saamstel. Tiaan was by sy vorige skool in die **o.15 span** swemspan. Sy sê dat hy Maandagmiddag moet kom oefen.
- **Tiaan** het by sy vorige skool baie geswem sodat hy spiere kon bou soos die ander ouens en sodat almal sou dink hy is ‘n ware sportman.
- Tiaan begin ontspan (die knoop wat in sy maag sit, raak los). Die voordeurklokkie lui.
- Dit is Richard. Hy het die Maandag ‘n sporttoekenning ontvang. Onmiddellik is Tiaan gespanne. Hy kan nie toelaat dat Richard weet hy hou van klassieke musiek en dat hy **viool speel nie. Hy moet voorgee, wegsteek, sy woorde tel.**
- **Richard** sê dat hy ook in verskillende skole was. Hy is ‘n goeie sportman (‘n rugbyspeler) en is lank en gespierd gebou. Hy kan goed pizza’s maak, anders as die stereotipiese sportman, en hy maak selfs vir sy rugbymaats ook pizza’s.
- **‘n Verdere verrassing** is dat Richard ook klavier kan speel.
- **Suzanne** wys vir Tiaan haar nuwe **blink, rooi motorfiets**. Sy is dus ook anders as die **stereotipe van ‘n slim nerd. As sy 16 word**, sal sy haar lisensie kry en met die motorfiets ry. **Tiaan** wonder hoe hy haar vroeër as “gewoon” kon beskou het. Dus het hy ook sy eie stereotipering toegepas.
- Nou kan Tiaan aan Richard **erken dat hy viool speel** sonder om “uit” te voel.
- Sy nuwe skoolmaats **is dus wel “weird”**, maar nie op die manier waarop hy gedink het nie.

Vrae:

1. Waaroor het Tiaan en sy ma ‘n woordewisseling?
   _____
   _____
   _____

2. Waarom gaan hy na Suzanne toe en hoe kom hy daar?
   _____
   _____

3. Suzanne maak die deur oop. Hoe **verskil haar voorkoms en karakter** by die skool en by die huis? Waarom kan Tiaan se eerste indruk van haar as **stereotipies beskou** word? In watter opsig was hy verkeerd?
   _____
   _____
   _____
   _____
   _____
   _____

4. Wat maak Riani “weird” of vreemd? Noem twee voorbeelde.
   _____
   _____

5. Wat vra Riani vir Tiaan en wat is sy antwoord?
   _____
   _____

6. Waarin is Richard goed? Beskryf sy voorkoms.
_____
_____

7. Hoe dink Richard moet ‘n pizza lyk? Hoe verkies Suzanne haar pizza?
_____
_____

8. Voltooi die ontbrekende inligting by elk van die verskillende karakters:

Tiaan:
Ouderdom? Motiveer: _____
Voorkoms:_____
_____
Sportsoort:_____
Stokperdjie:_____
Karakter/persoonlikheid:_____
_____
Stereotipering: Verduidelik hoe mense hom beskou het/ gestigmatiseer het? Hoe het hy dit probeer verwerk?_____
_____

Suzanne:
Ouderdom? Motiveer:_____
Voorkoms:
By die skool:
_____
_____
By die huis:
_____
_____
Kosvoorkeur: _____
Musiekvoorkeur: _____
Stokperdjie: _____
Stereotipering: Hoe het Tiaan haar aanvanklik beskou? Hoekom was hy verkeerd?
_____
_____

Riani:
Voorkoms: _____
Sportsoort? Motiveer: _____
Kosvoorkeur: _____
Musiekvoorkeur: _____
Stereotipering: Hoe kan sy deur ander mense beskou word? Watter kontras is daar in haar persoonlikheid?
_____
_____
_____

Richard:
Ouderdom? Motiveer._____
Voorkoms:
_____
_____
Kosvoorkeur: _____
Musiekvoorkeur: _____
Sportsoort:_____
Stokperdjie: _____
Stereotipering: Hoe beskou mense rugbyspelers ? Watter kontras is daar in sy persoonlikheid?
_____
_____
_____

9. Wat is die tema van die verhaal? Wat is die lewensles of boodskap wat ons hieruit kan leer?
_____
_____
_____

10. Vind sulke stereotipering by julle skool plaas? Verduidelik.
_____
_____
_____
_____